SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

NASIONAAL | NATIONAL
saou@saou.co.za t: 012 436 0900 www.saou.co.za

Reg No: LR2/6/2/531

MEDIAVERKLARING

VRYGESTEL OP 21 FEBRUARIE 2026

EMBARGO: GEEN

# SLEUTEL TOT GOEIE OPVOEDING – MOEDERTAAL

Op Internasionale Moedertaaldag wil die SAOU die belangrikheid van moedertaalonderrig beklemtoon.

Gedurende die Staat-van-die-Nasie-toespraak het die President weer die doel vir 2026 om basiese vaardighede in die onderwys te verbeter, beklemtoon. Die klem val op die bou van sterk grondslae in taal en geletterdheid wat die sleutel is tot beter opvoedkundige uitkomste in Suid-Afrika.

Die grondslae vir leer in terme van taal en geletterdheid word die beste in die Grondslagfase- klaskamer gebou, juis omdat die taal van onderrig die moedertaal is.

Die waarde van die fokus op die moedertaal lê daarin dat daar linguistiese en kulturele diversiteit meertaligheid aanmoedig. Dit bou ʼn gemeenskap waar daar aanvaarding is van verskillende kulture en tale. Dit het tot gevolg dat elke Suid-Afrikaner gerespekteer word.

UNESCO toon aan dat leerders kennis vinniger verwerf as hulle ʼn gevestigde moedertaalbasis het.

UNESCO het navorsing gepubliseer (2022) wat aangedui het dat daar ongeveer 7000 gesproke tale in die wêreld is. Maar linguistiese verskeidenheid word toenemend bedreig soos wat meer en meer tale teen ʼn tempo besig is om te verdwyn. Wanneer ʼn taal verdwyn, word ʼn hele kulturele en intellektuele erfenis uitgewis.

Die SAOU ondersteun die ontwikkeling van taal en opvoedkundige beleide wat die Suid-Afrikaanse tale sal beskerm. Dit sal verseker dat leerders wat in die stelsel betree, die vermoë sal hê om hul kulturele identiteit en selfwaarde te ontwikkel, juis omdat hulle moedertaal erken word.

Daarom is die 2026 tema vir Internasionale Moedertaaldag – “Jeugstemme oor multitalige opvoeding”, ʼn positiewe nasionale fokus om te verseker dat die stewige vestiging van moedertaal en ouderdomsgepaste toevoegende multitalige benadering tot akademiese sukses sal lei. Dit sal verseker dat die jeug die Suid-Afrikaanse kulturele en linguistiese diversiteit gevier kan word.